## Van gebroke hoop tot brandende harte!
(Lukas 24:13-35)

Die Emmausgangers se verhaal wys dat ons ook maklik moed verloor wanneer dinge nie uitwerk soos ons gehoop het nie.
Ons raak teleurgesteld in ons omstandighede – en selfs in Jesus - omdat ons nie altyd God se plan reg verstaan nie.
Tog los Jesus ons nie in ons moedeloosheid nie. Hy kom na ons toe, stap saam met ons en spreek ons aan deur sy Woord.
Wanneer ons na die Skrif luister en dit reg verstaan, herstel Hy ons hoop en verander Hy ons harte.
Ons hoef Hom nie te sien om te glo nie - ons leer Hom ken deur die Woord.
Hierdie hoop gee ons nuwe moed in moeilike tye en roep ons om daarvan te getuig in 'n wêreld wat so desperaat hoop
nodig het.